# HOOFSTUK 8

## *SLOT EN SAMEVATTING*

Ten slotte blyk dit duidelik dat Vereeniging tussen 1878 en 1992 tot 'n stad met 'n unieke karakter gegroei het. Die ontdekking van steenkool het die basis hiervoor gelê. Ná die ontdekking van steenkool het Vereeniging as 'n myndorp ontstaan. Dit het beslag aan 'n plaaslike bestuurstelsel gegee. Die karakter van dorpstigting het verskil van meeste ander dorpe in die ZAR. Dorpstigting en die aanvang van industrialisasie was aan die inisiatief van die direksie van *Vereeniging Estates*, maar veral aan Sammy Marks, toe te skryf. Die geografiese kenmerke en topografiese plasing van Vereeniging het tot die stad se groei en ontwikkeling bygedra. Dit het inteendeel sedert die vroegste tye van die gebied 'n ideale vestigingsoord gemaak.

Vestiging en ruimtelike benutting in Vereeniging kan daarom verder as 1878 terug gevoer word. Industrialisasie was van oudsher 'n kenmerkende eienskap van die gemeenskappe wat lank tevore reeds in die gebied gevestig was. Die ontdekking en ontginning van steenkool asmede die gemeganiseerde wyse waarop dit ná 1878 benut is, het aan industrialisasie en vestiging in die omgewing 'n nuwe karakter gegee. Dieselfde het op landbou in dié vrugbare en waterryke Hoëveldse omgewing betrekking gehad.

Die gemeganiseerde benutting van minerale en grondstowwe het ingrypende veranderings tot die infrastruktuur teweeg gebring. Spoorwegontwikkeling het tot gevolg gehad dat die dorpsuitleg dienooreenkomstig in 1892 aangepas was. Die ligging van die aanvanklike dorpsgebied asook die patroon van toekomstige ruimtelike ontwikkeling, was welliswaar deur die infrastrukturele toevoegings van die negentiende eeu asook geografiese kenmerke van die omgewing bepaal. 'n Voordelige infrastruktuur asook die teenwoordigheid van water, steenkool en

die nabygeleë Witwatersrandse goudriwwe het Vereeniging 'n ideale oord vir die opwekking van elektrisiteit en die vestiging van veral sekondêre nywerhede, dit wil sê industrieë in die yster- en staalbedryf, gemaak.

Nadat USKO opgerig is, het dit geleentheid vir ander fabrieke geskep om as verbruikers van USKO se produkte in Vereeniging te vestig. Die ontstaan van YSKOR, in Vanderbijlpark, was 'n verdere faktor wat die ekonomiese karakter van Vereeniging uitgebou het. In dié hoedanigheid het Vereeniging tot 'n nywerheidsreus ontwikkel. Die toekomstige ontwikkeling van Vereeniging was sodoende verseker. Vereeniging het daarom nie, soos dit die geval met sommige ander Transvaalse dorpe was, kort na stigting tekens van agteruitgang getoon nie. Uiteindelik het Vereeniging deel van die bakermat van industriële ontwikkeling in Suid-Afrika geword, met 'n spesifieke karakter as sekondêr-belangrike nywerheidsentrum. Volgehoue ontwikkeling in dié bedryfsektor was afhanklik van die insette van 'n ekonomies gestimuleerde groeiproses. Die twee wêreldoorloë het as stimulante in dié verband gedien.

'n Vraag na gespesialiseerde yster- en staalprodukte, wat as gevolg van die onderskeie wêreldoorloë ontstaan het, het Vereeniging tot voordeel gestrek. Tydens dié groeifase, wat weens die wêreldoorloë aangebreek het, kon die stadsraad kwalik met die verskaffing van veral behuising tred hou. 'n Bevolkingstoename het plaasgevind. Plaaslike bestuur het die taak gehad om voorstedelike ontwikkeling en behuisingsprojekte te loods wat aan die vraag daarvoor kon voldoen. Teen die tyd dat die stadsraad aan die vereistes kon voldoen, het Vereeniging 'n tydperk van ekonomiese afplatting ervaar met die gevolg dat 'n ooraanbod aan voorstedelike woonerwe teen die laaste kwart van die twintigste eeu ervaar is. Dit blyk duidelik dat nuwe stimulante vir ekonomiese vooruitgang sedertdien grootliks ontbreek het.

Die ontstaan van Sasolburg het negatief op Vereeniging se rol in die primêre bedryfsektor ingewerk. Die gevolge van die apartheidsbeleid het ekonomiese ontwikkeling verder belemmer. Dit is daarom duidelik dat Vereeniging positiewe ekonomiese ontwikkeling in die eerste helfte van die twintigste eeu ervaar het, maar daarna aan geleidelike afgeplatting onderworpe was. Dit het teen die

tagtigerjare 'n laagtepunt bereik. 'n Afplatting in ekonomiese groei het stedelike verval tot gevolg gehad. Boonop het die tendens van agteruitgang 'n invloed op sowel die uitbou van plaaslike bestuur as voorstedelike ontwikkeling gehad. Die invulling van oop ruimtes tussen voorstede was verstadig. Verder het dit die stadsraad ruim 10 jaar geneem om die provinsiale owerheid daarvan te oortuig dat Vereeniging grootstadstatus verdien.

Tussen 1902 en 1926 het dorpsbestuur verskeie statusaanpassings te beurt geval. Dit was 'n direkte uitvloeisel van die industriële ontwikkeling van Vereeniging en nadat Britse bewindstyle tot die plaaslike bestuursvlak deurgesyfer het. Plaaslike bestuur het volgens 'n tradisionele blanke styl vorm aangeneem. Teen 1992 was dorpsbestuur steeds deur die blanke bevolkingsektor gedomineer. Munisipale bestuur het sedert dorpstigting hoofsaaklik die blanke komponent van Vereeniging bevoordeel. Dit was veral aan die nasionale beleid toe te skryf.

Die stadsraad het vanaf 1926 ten nouste met *Vereeniging Estates* saamgewerk in die verskaffing van dienste. Dorpsbestuur was vanuit die staanspoor deur dorpsbeplanningsprobleme gekenmerk. Dit was na afloop van die Tweede Wêreldoorlog duidelik dat voorstedelike ontwikkeling en behuising weens die afwesigheid van deeglike en tydige langtermynbeplanning tot 'n krisis vir die raad ontwikkel het. Dit was eers ná 1980 vir die raad moontlik om toekomsplanne te onderneem.

Weens die ideale landboutoestande, was dit gepas om tydens dorpstigting 'n stuk meentgrond, aangrensend en noord van die sentrale dorpsgebied, tot die beskikking van dorpenaars te stel. Dorpstigtingvoorwaardes rakende dié gebied het aanvanklike dorpsuitbreiding aansienlik beperk. Die teenwoordigheid van Toplokasie op die meentgrond het 'n bykomende obstruksie vir uitbreiding geword. Boonop het die Vaalrivier, wat ook die natuurlike grens met die Vrystaat gevorm het, 'n verdere beperking op voorstedelike uitbreiding geplaas.

Voorstedelike ontwikkeling is deur 'n gedwonge venootskap tussen die raad en *Vereeniging Estates* onderneem. Die twee partye het egter eers teen 1939 by

dorpsuitbreiding betrokke geraak. Voor 1939 het *Vereeniging Estates* die *plasing* van nywerhede gedomineer. As vernaamste grondeienaar het *Vereeniging Estates* ook 'n dominante rol in voorstedelike ontwikkeling vervul. Weens die houvas van *Vereeniging Estates*, op veral voorstedelike ontwikkeling, was die stadsraad dus nie in vermoeë om as outonome liggaam te funksioneer nie, al het dit teoreties die reg daartoe gehad.

Die beoefening van landbou en die gelyktydige uitbreiding van die nywerheidsektor, het die patroon van voorstedelike uitbreiding verder beïnvloed en beperk. Dit het ruimte daarvoor geskep dat die eerste stappe tot voorstedelike uitbreiding tot voordeel van die landbougemeenskap geskied het. Aanvanklike voorstedelike ontwikkeling het uit private inisiatief plaasgevind toe landbouhoewes op onderverdeelde plaasgrond buite die gemeenskaplike dorpsgronde tot stand gekom het. Beide die raad asook *Vereeniging Estates* was nie daarby betrokke nie. Toe die mate van industrialisasie teen 1939 dorpsuitbreiding op raadsinisiatief genoodsaak het, het die stadsraad etlike probleme gehad om te oorbrug. Dit was die gevolg daarvan dat deursigtige beplanning deur die dorpstigters en die plaaslike bestuur asook regeringstrukture ontbreek het.

Dit was hoofsaaklik die tekort aan grond en die toenemende vraag na woonerwe en behuising ná 1939 wat obstruksies vir voorstedelike ontwikkeling geskep het. Nyweraars het 'n nood aan grond en behuising vir hul werkers ondervind en bykomende druk op plaaslike bestuur geplaas. Die eerste voorstede van Vereeniging het hoofsaaklik vir die vestiging van nywerhede voorsiening gemaak. Gedeeltes waar industrieë reeds met *Vereeniging Estates* se toestemming op die randgedeeltes van die dorp gefunksioneer het, was terselfdertyd tot voorstedelike gebiede omskep. Dit het 'n patroon neergelê waarvolgens industriële en residensiële voorstede nie behoorlik gesoneer was nie.

Voorstedelike ontwikkeling in Vereeniging het hoofsaaklik die blanke gemeenskap bevoordeel. Blanke inwoners het 'n voorkeur daarvoor gehad om woonhuise op eie koste op te rig. Dit blyk dat die voorstede aangrensend en

direk noord en noordoos van die aanvanklike dorpsgebied die gewildste onder blanke nedersetters was. Spesifieke voorstede en in sommige gevalle gedeeltes van voorstede, was vir die oprigting van skemabehuising aan blankes uitgesonder.

'n Vaste patroon, waarvolgens die welstand van inwoners as riglyn vir die beskikbaarstelling van voorstede gedien het, was nie gevolg nie. Vereeniging het weliswaar as sodanig ontwikkel dat hoër inkomstegroepe eerder in die oostelike voorstede en mense uit die laer inkomstegroepe nader aan die dorpsgebied en meerendeels aan die westelike kant van die dorpsgebied voorgekom het. Nogtans was 'n definitiewe patroon nie neergelê nie. Die samestelling en benutting van sommige voorstede, veral Sonlandpark, het selfs die vestiging van mense uit alle inkomstegroepe moontlik gemaak.

Die meeste voorstede het vir die vestiging van blanke middelklasmense voorsiening gemaak. Industriële voorstede, waarin industrieë eers ná 1939 opgerig was, het ontstaan nader aan die omgewing waar Sharpeville later tot stand gekom het. Die losse verspreiding van industriële gebiede tussen residensiële gebiede, het 'n unieke voorstedelike kenmerk van Vereeniging geword. Dit het toekomstige ruimtelike benutting beperk en dit onmoontlik gemaak om ruimtelike skeiding tussen industrieë en residensiële gebiede te bewerkstellig.

Die deurentydse behoefte van die raad om hul gedeelte van die plaas Houtkop tot voorstedelike ontwikkeling te benut, het daartoe aanleiding gegee dat voorstede soos Sonlandpark en Falcon Ridge afgesonder van die dorpsgebied en ander voorstede ontstaan het. Die ontwikkeling van kleinhoewegebiede op privaatinisiatief en daaropvolgende onderverdeling van landboukleinhoewes vir residensiële doeleindes, het verder daartoe gelei dat 'n patroon van lukraak voorstedelike ontwikkeling neergelê was. Voorstede was rondom en tussen die bestaande kleinhoewegebiede aangelê. Eers nadat die beperking wat deur die dorpsmeent geskep is uit die weg geruim was, kon voorstedelike ontwikkeling nader aan die dorpsgebied plaasvind. Voorkeure van ***Vereeniging Estates*** het ook 'n rol in die patroon van voorstedelike uitbreiding gespeel. Die

ontwikkelaars het hul prerogatief benut om die lokaliteit en karakter van *bepaalde* voorstede, byvoorbeeld Duncanville, Drie Riviere en Drie Riviere-Oos, te bepaal.

Nie-blankes was met geen keuse gelaat as om in spesifieke lokasies te vestig nie. Voorstedelike ontwikkeling ten behoewe van nie-blankes was aanvanklik nie behoorlik deur die raad beheer en beplan nie. Slegs noodsaaklike dienste was aan hulle verskaf. Dit het tot gevolg gehad dat die (blanke) raad nie deur die nie-blanke gemeenskap gerespekteer was nie. Verder was dit duidelik dat die implikasies van nie-blanke vestiging op die dorpsgronde nie ten opsigte van toekomstige uitbreidingspatrone voorsien was nie. Die gevolg hiervan was dat nie-blankes aan prosesse van verskuiwings onderhewig was. Die apartheidsbeleid het later die intensiteit van die verskuiwings verhoog. Dit het die antagonisme van nie-blanke gemeenskappe teenoor die raad verdiep. Dit het dus etlike jare vir nie-blankes geneem om stabiliteit in Vereeniging te verkry. Voorstede tot voordeel van Indiërs en kleurlinge was eers ná 1960 ontwikkel. Hierdie voorstede was afgeleë en in isolasie van die res van Vereeniging se voorstede ontwikkel.

Die grootste gedeelte van die grond waarop Toplokasie eens bestaan het, het teen 1992 steeds leeg gelê. Die ontruiming van Toplokasie het dus nie ten doel gehad om alle oop ruimtes aangrensend tot die dorpsgebied in te vul nie. Die raad het eerder ten doel gehad om die plakkersgebied te ontruim sodat dit tot Vereeniging se beeld as blanke dorp kon bydra. Die middelpunt van dié gebied is egter teen 1992 vir die oprigting van die Vaal Teknorama Museum benut. Swartmense wat 'n begeerte tot hervestiging gehad het, moet met die teenwoordigheid van dié museum op die grond verlief neem. Die Vaal Teknorama Museum het daarom 'n groot verantwoordelikheid om verteenwoordigend van alle inwoners van Vereeniging te wees. Boonop sal dié museum alle pogings moet aanwend om deur die swart gemeenskap aanvaar te word.

Indien die faktore wat voorstedelike ontwikkeling beïnvloed het op die keper beskou word, blyk dit dat Vereeniging nie kompak uitgebrei het nie. Verder het

die vraag na voorstedelike woonerwe, vir beide residensiële sowel as industriële *benutting,* dit genoodsaak dat dorpsontwikkeling as 'n kwessie van krisisbestuur hanteer is. Die groot invloed van ***Vereeniging Estates*** het verder daartoe bygedra dat die raad se invloed in dorpsbeplanning en -ontwikkeling onderdruk was. Die stadsraad het eerder 'n funksie as diensverskaffer uitgevoer. Die resultaat daarvan was dat Vereeniging se voorstede nie homogene karaktereienskappe aangeneem het nie. Die voordeel was egter dat die stukke landbougrond tussen voorstede later vir voorstedelike invulling benut kon word. Die probleem was verder dat aansporingsfaktore tot verdere groei in die stad se ekonomiese ontwikkeling ontbreek het. Alvorens dit aangespreek word, sal Vereeniging sy karakter van 'n losse voorstedelike samestelling behou.

Bepaalde faktore het die ekonomiese afplatting van Vereeniging meegebring. Die beleid van desentralisasie, nasionale ontwikkelingstrategieë en ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika het negatief op die ontwikkeling van Vereeniging ingewerk. Die patroon van voorstedelike ontwikkeling het rondom die riglyne van apartheid vorm aangeneem. Voorstede waar nie-blankes toegelaat was om te vestig, was afgesonder van blanke voorstede en op 'n afstand van die sentrale dorpsgebied aangelê. Opsigself het dit daartoe bygedra dat die beskikbare grond nie optimaal benut was nie. Invulling tussen bestaande voorstede het daarom 'n prioriteit geword.

Nasionale én plaaslike tendense het bygedra tot die uitbreek van die Sharpeville-opstand in 1960. Die toepassing van apartheidmaatreëls deur die stadsraad het ook in 'n mate bygedra tot die uitbarsting van hierdie opstand. Dit was duidelik dat die plaaslike bestuurstelsel daarin geslaag het om van Vereeniging 'n sogenaamde blanke dorp te maak. Hierdie anomalie kon nie bly voortduur nie.

Die land se politieke beleid ná 1948 het 'n groot invloed op die groei en ontwikkeling van Vereeniging uitgeoefen. Vereeniging het nogtans, selfs ná die totstandkoming van Sasolburg, sy posisie as vernaamste dorp in die Vaaldriehoek behou. Vereeniging het die hoofdorp van die Vaaldriehoek geword en was as 'n nywerheidsreus gereken. Die ineenskakeling van die dorpe van die Vaaldriehoek is

moontlik gemaak deurdat voorstede aan die westekant van Vereeniging geproklameer was.

Teen 1992 was Vereeniging 'n model apartheidstad. Dit was egter sedert die tagtigerjare duidelik dat die stad begin het om die belange van die nie-blanke gemeenskap, wat voorstedelike ontwikkeling aan betref, in ag te neem. Kenmerkend van dié tydperk was meer aandag aan die Asiatiese - en kleurling gemeenskappe gegee. Vereeniging het egter as sodanig ontwikkel dat heelparty van die stad se voorstede toeganklik is tot die vestiging van nie-blanke inwoners.

In alle opsigte het Vereeniging 'n dinamiese ontwikkeling op die gebied van munisipale bestuur en voorstedelike ontwikkeling tot 1992 ervaar. Alle moontlikhede bestaan dat die stad steeds 'n dinamiese ekonomiese funksie kan vervul met voorbehoud dat voortdurende aanpassings gemaak word. In hierdie opsig het die plaaslike bestuur die grootste verantwoordelikheid.